



Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

22 Junie 2022
Nuusbrief No 22

Liewe Ouers,

Baie dankie vir 'n suksesvolle kwartaal. Indien u met vakansie gaan moet u asseblief veilig reis en die ruskans geniet.

Personeel:

- Baie dankie aan Juffrou Dina Mentz wat vir ons in die Hasiëklas afgelos het vir die kwartaal terwyl Juffrou Lize op kraamverlof was.
- Ons waardeer dit baie, Dina!
- Baie geluk aan die volgende personeel wat in die vakansietyd verjaar:
 - Bianca du Preez, Hasiëklas student, 2 Julie.
 - Oom Hosea, ons tuinman, 13 Julie.
 - Jeanne Verhage, Lammetjieklas Onderwyseres, 17 Julie.
- Ons wens vir elkeen van julle 'n baie spesiale en mooi verjaarsdag toe, gesaai met God se goedheid.

Mandjiemark:

- Baie geluk aan die Mandjiemark-wenners!
- Geniet die mandjies se inhoud en nogmaals dankie vir die kaartjies wat u gekoop het en dat u deelgeneem het aan ons projek. Ons weet dat u die mandjies baie gaan geniet!
- Die wenners van die onderskeie mandjies lyk soos volg:

Pasta & Wyn:	Amanda van Dyk
Pappabederf:	Adriaan Bornman
Vakansie/See toe:	Ilse Greeff
Kamp & Braai:	Anna-Mart Breytenbach
Koffie:	Oner Yilmal
Nagereg & Bak en Brou:	Kevin Vermeulen
Winterbederf:	Uldine Marais
Kosblik & Peusel:	Lehandré van der Merwe
Kinderbederf & Kinderkuns:	Ané Wait
Sjokolade:	Louise Zietsman
Groen vingers (tuinmaak):	Francois van Aardt
Mamma "me-time":	Santa Parsons

- Baie dankie aan al die ouers wat meer as een boekie verkoop het. Hierdie jaar het die ouers besonder baie kaartjies verkoop. Ons voorloper was:

Gianna Wagner wat 11 boekies verkoop het.

Iné Keun wat 11 boekies verkoop het.

Chloé Marais wat 8 boekies verkoop het.

Dewald van Wyk wat 5 boekies verkoop het.

- Die seun wat die meeste kaartjies verkoop het, is Ettiene Döman van die Eendjieklass wat 6 boekies verkoop het.
- Die dogter wat die meeste kaartjies verkoop het, is Ava Janse van Rensburg, van die Olifantklas wat 14 boekies verkoop het.
- Dit wil gedoen wees! Baie geluk en baie dankie!
- Hulle het vandag na afloop van die mandjietrekking hulle pryse ontvang.
- Dankie aan elke ouer wat ons hiermee ondersteun het, en 'n sukses van ons fondsinsameling gehelp maak het.

Pajamadag en Middernagfees: Donderdag 23 Junie 2022:

- Al ons kleuters gaan 'n heerlike "middernagfees" in hulle klassies hou.
- Kleuters kom met hulle nagklere aan skool toe, bring net asseblief speelklere vir later saam indien u vermoed dat u kind nie heeldag in sy/haar nagklere gaan wil bly nie.
- Bring ook 'n klein komborsie, sagte speelding, **gesonde kos** en **piekniekbederfie** in die kosblik saam. Groot komborse maak dit moeilik, klein asseblief.

Skoolvakansie:

- Die Laerskool en Parkieland sluit Vrydag 24 Junie om 10:00 vir die vakansie.
- Die Vakansieskool neem in aanvang om 10:00 vir die Naskoolkinders.
- **Die skool heropen weer op Dinsdag 19 Julie vir die Derde Kwartaal.**
- **Neem asseblief kennis dat dit nog Maandag 18 Julie vakansie is en nie normale skool nie.**

Gedagte vir die week:

"Wees vandag 'n reënboog in iemand anders se wolk."

Ons stuur vandag die Tweede Kwartaal se verslae en Kunswerke huis toe!
Lekker lees!

Vriendelike Parkie-groete,



RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL



Ons twee wennertjies was baie verras! Geluk Ava en Ettiene.

KLEISPEEL IS PRET

Kleispeel bevorder:

- fyn motoriese ontwikkeling
- Kreatiwiteit
- Woordeskat en taal
- Vorm, getal en letter konsepte
- Eksperimentering
- Terapeutiese waarde



Slimkoppe!